# BETAALSTROKIE: DRUKSTUK – ITEMTOTALE (BYVOORBEELD VAKBONDBYDRAE)

Waar spesifieke aftrekkings ten opsigte van verskeie werkers se strokies in 'n betaalperiode verhaal is, is daar 'n drukstuk onder die opsie "Betaal" beskikbaar wat vir u in detail, of opsommend, die aftrekkings sal vertoon.

Waar u byvoorbeeld 'n item vir MEIBC siek-bydrae, of enige ander aftrekking, gedoen het, en u benodig 'n verslag van totale ten opsigte van hierdie aftrekking, volg die volgende stappe om die drukstuk te verkry:

1. Kliek op die Hoofskerm op: Betaal:




2. Kies uit die opsies in die geel blok: Drukstukke.

3. Kies uit die opsies aan die regterkant in pienk/blou: Itemtotale:




4. Kies die periode waarvoor die verslag benodig word:




5. Dui aan of die verslag vir een of alle werkers verlang word:




6. Dui verder aan of dit ten opsigte van een of alle werkergroepe, asook een of alle maatskappye moet wees:




7. 'n Skerm word vertoon met die hoofopskrif: "Druk verslag vir:...... "




8. In hierdie geval waar 'n 'n opsomming van 'n ander item benodig, kies: "Een itembeskrywing". (Daar is addisionele opsies vir: SIBW/LBS alleenlik, Lenings, Kies sommige betaalitems, en alle itembeskrywings).

9. Sodra u "Een itembeskrywing" gemerk het, sal u 'n lys van aftrekkings kry. Kies die korrekte aftrekking deur op die swart "af-pyltjie" te kliek en te selekteer.

10. Kliek op: OK:




11. Dui vervolgens aan of u 'n opsommende verslag of detail benodig:




12. Die gekose verslag sal vertoon word.